

Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 8

> *So is al Salomo se werk afgehandel, van die dag af dat die fondamente van die huis van die Here gelê is totdat Salomo die tempel voltooi het. (2 Kron 8:16)*

Die Kronis kon baie meer oor Salomo se regering geskryf het as

hy wou. Hy verkies egter om te fokus op die infrastruktuur wat Salomo gevestig het (vers 4-7), wat ook voorraadstede ingesluit het. Die hoofdoel van die infrastruktuur was om die uitgebreide erediens by die tempel moontlik te maak (vers 12-15). Vir die Kronis was Salomo se groot nalatenskap die tempel wat hy gebou het, en hy vat dit in een sin saam in vers 16.

Wat is jóú nalatenskap? Waaraan sal mense dink as hulle jou lewe beskryf? Dís die vraag waarmee die Bybel ons vandag laat. Natuurlik is ons met meer dinge besig elke dag as net godsdienstige handelinge. Jy werk aan jou huwelik, jou gesin, jou loopbaan, jou buurt. Deur dit alles bou jy ’n lewe, maar, wil die Kronis jou herinner, dit moet só gefokus word dat jou lewe voor die Here en jou diens aan Hom eerste kom. In die woorde van die Here Jesus (Matt 6:33): “… beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God …”

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026